

8 September

Skrifgedeelte: Daniël 2:1-11, 17-30

Fokusgedeelte: Daniël 2:28 en 29

Alleen in God se hand lê die toekoms oop

In vers 29 sê Daniël: "Toe u gaan slaap het, het u gedink oor wat in die toekoms gaan gebeur ..."

Om aan die toekoms te dink, dit was die oorsaak van sy ontsteltenis. Nebukadnesar sien sy beperktheid. Wat is sy magtige koninkryk? Hy weet as bouer daarvan nie eens die toekoms daarvan nie. Die verganklikheid self het aan hom geknaag. Al het hy die bekende wêreld in sy mag gehad – wie is Nebukadnesar eintlik? Hy, die magtige, is eintlik maar blind en kragteloos. Net die Here kon help.

Dit is waarheen Daniël gaan. Hy ken ook sy eie swakheid – daarom bid hy nie alleen nie. Hy vra sy vriende om saam met hom te bid. Die Here het ons juis vir mekaar gegee as medegelowiges om mekaar te versterk. Ons moet mekaar versterk ook deur saam te bid.

Daniël was in die duister, maar hy weet by die Here is lig. Die Here het Daniël se gebed geantwoord. En dan kan Daniël na die koning toe gaan om die koning se ontsteltenis aan te spreek.

Daniël se betrokkenheid by die koning is die geleentheid om te getuig van God se grootheid. Hy bring die droom en sy uitleg. Deur Daniël word God se almagsregering en oorwinning in Christus aan die koning bekend (vgl. droom en uitleg): God regeer, Hy bepaal en ken die toekoms.

Is jy ook betrokke by God en vir God in sy wêreld? Alleen in God se hand lê die toekoms oop.

Sing: Psalm 9:5, 7 (1936-beryming)

Ds PA Odendaal(Harrismith/QwaQwa)